# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(Noord-Kaapse Afdeling)

Saakno: CA&R 97/01

Datum verhoor: 12/11/01
Datum gelewer: 12/11/01

In die appél:

**STEENKAMP, LEONARDO NEIL** **APPELLANT**

*versus*

**DIE STAAT** **RESPONDENT**

Coram: BUYS R et MAJIEDT R

# KONSEPUITSPRAAK

***MAJIEDT R:***

1. Die Appellant is op 27 Maart 2001 skuldig bevind aan strafbare manslag voortspruitende uit ‘n motorvoertuigbotsing met ‘n voetganger. Hy is op dieselfde dag gevonnis tot ‘n boete van R20 000 of drie jaar gevangenisstraf waarvan die helfte voorwaardelik opgeskort is vir ‘n tydperk van 5 jaar.

2. Met verlof van hierdie Hof kom die Appellant in hoër beroep teen sy voormelde skuldigbevinding.

3. Die getuienis voor die Landdroshof was tot dien effekte dat die Appellant

op 6 November 1998 die oorledene, 'n 11-jarige skooldogter, te Recreationweg hier in Kimberley, noodlottig beseer het toe hy haar met sy motorvoertuig gestamp het.

4. Alhoewel die getuienis van twee getuies, Mnr Markgraaf en Mev Waites wat aanwesig was op die toneel, gelei is, kon nie een van hierdie twee getuies direkte getuienis aangaande die botsing self verskaf nie.

5. Die Appellant het sy saak gesluit sonder om self te getuig of enige ander getuienis aan te bied.

6. In sy pleitverduideliking ingevolge die bepalings van artikel 115 van die Strafproseswet het die Appellant erken dat hy op 6 November 1998 met sy motorvoertuig te Recreationweg, Kimberley bestuur het en dat hierdie pad 'n openbare pad is. Hy het verder erken dat, terwyl hy so bestuur het, hy met die oorledene gebots het met noodlottige gevolge vir haar. Wat die res van die beweringe betref, het hy as volg in sy pleitverduideliking, wat skriftelik voor die hof geplaas is as Bewysstuk A, verklaar:

> "*All other allegations contained in the charge sheet are placed in dispute and the State is put to the proof thereof. I deny that I am guilty of the charge of culpable homicide and I also deny that I am guilty on the alternative charge.*"

7. Dit is gemene saak hierin dat Recreationweg 'n oop reguit pad is. Die Landdros, sowel as die Staatsaanklaer, Beskuldigde, sy prokureur en die getuie Waites het 'n inspeksie ter plaatse by die botsingstoneel bygewoon.

Daarvolgens blyk dit, soos ek alreeds gesê het, dat Recreationweg ‘n oop reguit pad is en dat daar geen woonhuise aan weerskante van daardie pad is waar die punt van botsing aangedui is nie. Ongeveer 50 meter weg van die punt van botsing, soos aangedui deur die Appellant, is daar ‘n beheerde voetoorgang, wat dié dag deur Mev Waites beman is. Volgens Mev Waites se getuienis is die Appellant by haar verby met ‘n groot spoed en het hy haar gegroet toe hy by haar verby gery het. Net daarna het sy ‘n slag gehoor en het die botsing toe alreeds plaasgevind. Sy het egter nie die botsing self waargeneem nie.

8. Uit die voorafgaande blyk dit duidelik dat:

   a) Die Appellant, toe hy in Recreationweg gery het, deeglik bewus daarvan moes gewees het dat daar ‘n beheerde voetgangeroorgang in die pad is wat hom op sy hoede moes plaas.

   b) Die oorledene, voordat sy die pad oorgesteek het (aangesien dit gemene saak is dat sy op die ryvlak van Recreationweg getref is) nie versteek kon gewees het tussen huise of deur ander voorwerpe aan ‘n aankomende motoris nie.

9. In die omstandighede waar ‘n motoris ‘n jong kind op ‘n ryvlak raakry, waar daar geen sprake daarvan kan wees dat die kind voor die botsing versteek kon gewees het deur ander voorwerpe nie, ontstaan daar ten minste, na my mening, ‘n *prima facie*-aanduiding van nalatigheid. Ons howe het al by meer as een geleentheid bevindinge gemaak dat ‘n redelike versigtige

motorbestuurder nie 'n voetganger in helder daglig op 'n oop pad omry nie en dat derhalwe, met toepassing van die stelreël *res ipsa loquitur*, met reg van só 'n motorbestuurder verwag kan word om 'n verduideliking te verskaf.

Sien ondermeer: **R v Koen 1937 AD 211 te 213;**

**R v Roberson 1958(1) SA 676 (A) te 678 A-B.**

10. Namens die Appellant is daar verskeie submissies voorgehou oor waarom die skuldigbevinding ter syde gestel behoort te word. Ek meen egter dat hierdie appél eenvoudig afgehandel kan word na aanleiding van die vraag: <u>*Wat was die effek van die Appellant se versuim om self te getuig tydens die verhoor*</u>*?* By ontstentenis van enige getuienis daaroor van Staatsweë was hy tog die enigste persoon wat 'n verduideliking kon verskaf oor hoe die botsing plaasgevind het. In omstandighede, soos hierinvantevore geskets, waar alle feite daarop dui dat hy nie soos 'n redelike versigtige bestuurder opgetree het toe hy die kind op die ryvlak raakgery het nie, sou mens tog verwag dat hy 'n verduideliking sou verskaf. In gepaste omstandighede kan 'n beskuldigde se versuim om te getuig daartoe lei dat *prima facie*-getuienis afdoende getuienis teen hom word.

Sien: **S v Brown en 'n Ander 1996(2) SASV 49 (Nk) te 61 f-h**.

Ek meen dat dit ook die geval is in hierdie saak. Die feite en omstandighede waaronder die botsing plaasgevind het was immers binne die Appellant se kennis. Inteendeel, hy was die enigste een wat daaroor kon getuig.

11. Verontskuldigende dele van ‘n pleitverduideliking moet, net soos die inkriminerende gedeeltes daarvan, wel deeglik deur ‘n hof oorweeg word. Die bewyswaarde daarvan, by ontstentenis van enige getuienis ter bevestiging daarvan deur ‘n beskuldigde, is natuurlik twyfelagtig.

Sien: **S v Cloete 1994(1) SASV 420 (A) te 428**.

Die posisie is, na my mening, dieselfde wat betref stellings wat gemaak word tydens kruisondervraging van Staatsgetuies deur ‘n beskuldigde se regsverteenwoordiger. Dit kan tog nie anders wees nie; inteendeel, ek is die mening toegedaan dat dit selfs minder oortuigingskrag het as verontskuldigende dele van ‘n pleitverduideliking. In die onderhawige saak is die Staat se beweringe, soos uiteengesit in die klagstaat, bloot ontken en het die beskuldigde se verweer eers na vore gekom by wyse van stellings deur sy prokureur aan die Staatsgetuies. Die feit dat die beskuldigde versuim het om hierdie stellings onder eed te bevestig, beteken myns insiens dat die oortuigingskrag daarvan aansienlik verminder word. Dit is veral sò in die lig daarvan dat die weergawe van die Appellant, soos deur sy prokureur gestel, totaal anders is as sy weergawe aan Inspekteur Nelson, wie die landdros as ‘n geloofwaardig getuie bevind het.

12. Vir die redes voormeld, is ek die mening toegedaan dat, op grond van *res ipsa loquitur,* daar *prima facie*-bewys van nalatigheid aan die kant van die Appellant bestaan het aan die einde van die Staatsaak en dat sy versuim om te getuig tot gevolg gehad het dat die *prima facie*-bewys afdoende bewys geword het. Ek is derhalwe die mening toegedaan dat daar geen meriete in die appél is nie en dat die appél van die hand behoort gewys te word en die skuldigbevinding en vonnis bekragtig behoort te word.

**SA MAJIEDT**
**REGTER**

**Ek stem saam:**

**Die appél word van die hand gewys en die skuldigbevinding en vonnis word bekragtig.**

______________

**AJ DU P BUYS**
**REGTER**

**NAMENS APPELLANT: Advokaat A Bester i.o.v. Fletchers**
**NAMENS RESPONDENT: Advokaat E van Dyk**

**DATUM VAN VERHOOR: 2001-11-12**
**DATUM VAN UITSPRAAK: 2001-11-12**